# Psalm 33 – Sing vrolik

VERS 1 – 3 / 6

```
           D   A   Bm                   G             A                          D
1.      Sing vrolik, hef die stem na bowe;  regverdiges, verhef Jahweh!

          A                            D  A    D   G      A               D
        Dit pas opregtes Hom te lowe   en uit te jubel tot Sy eer.

                               A  D                                   A
        Laat die psalmgesange –  stem van sterk verlange

             E            A        D                    G     A
        om Jahweh te dank –  by die smeltend-skone

        D                 G  A     D            A        D
        harp-en sitertone,  liefde~en lof verklank!


            D  A   Bm                G              A                        D
2.      Sing nuwe sange, nuutgebore,  sing tot Sy eer ‘n nuwe lied;

             A                            D  A     D      G         A                  D
        trompetgeklank deur tempelkore, moet danksê vir Jahweh se guns.

                            A   D                           A
        Wat ons toegeseg is, in Sy Woord wat reg is,

                E           A     D                     G    A
        het ons hart verbly;  Jahweh’s almagsmerke

        D                    G    A        D         A       D
        sien ons op Sy werke –  waar en reg is Hy.


          D    A   Bm                       G               A                          D
3.      Jahweh se Woord is skeppingsmagtig  wat lewe uit die dood gebied.

           A                                  D    A    D  G           A                D
        Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, Hy roep net en dit het geskied.

                        A  D                            A
        Nasies en tiranne smee verniet hul planne

               E            A         D                     G     A
        in die vlam van haat.   Hy wat groot van mag is,

        D                         G   A  D        A            D
        weet wat daar bedag is  en verbreek hul raad.
```

**PSALM 33 : 4 – 6**

```
       D   A  Bm                 G           A                D
4.     Jahweh se raad word nooit gekeer nie;  dit sal bestaan in ewigheid.

          A                    D    A    D  G       A          D
       Teen Sy besluit is geen verweer nie;  bestendig duur dit vir altyd.

                A D                   A
       Salig wie tevore   deur Hom is verkore

            E     A       D             G   A
       as Sy erf en lot;   wie so hoog geag is

       D            G   A  D     A      D
       dat Jahweh húl Mag is   en Jahweh húl God.


      D    A  Bm              G          A                  D
5.     Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte en red hul siele van die dood.

        A                   D   A   D G      A             D
       Hy sorg vir hul by somerdroogte, in sware tyd en hongersnood.

                   A   D                   A
       In die grootste smarte bly nogtans ons harte

             E      A    D               G   A
       op Jahweh vertrou.  Hy, ons Skild, Hy wyk nie,

       D            G   A    D        A     D
       en ons Hulp beswyk nie,  waar ons hart op bou.


       D   A  Bm            G           A                    D
6.     Jahweh, dié God wat ons beveilig,  voel nou ons hart opnuut verblyd;

        A                   D A    D  G        A         D
       en op Sy Naam, ontsaglik heilig,  vertrou ons tot in ewigheid.

                  A  D                  A
       Goedertieren Vader, hoor ons as ons nader

             E      A    D              G A
       met ‘n diep ontsag;  slaan ons gunstig gade,

       D           G A  D     A    D
       skenk ons U genade,  as ons op U wag!
```